

Handelinge 23

Handelinge 23:1-35

1 En Paulus het die oë op die Raad gehou en gesê: Broeders, ek het met 'n volkome goeie gewete voor God gewandel tot op hierdie dag.

2 Maar die hoëpriester Ananías het bevel gegee aan die wat by hom staan, om hom op die mond te slaan. 3 Toe sê Paulus vir hom: God sal u slaan, gewitte muur! U sit tog om my volgens die wet te oordeel, en beveel u in stryd met die wet dat ek geslaan moet word? 4 En die wat daarby staan, sê: Skel jy die hoëpriester van God uit?

5 Daarop sê Paulus: Ek het nie geweet, broeders, dat hy hoëpriester is nie, want daar staan geskrywe: Van 'n owerste van jou volk mag jy nie kwaad spreek nie.

6 En omdat Paulus geweet het dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg.

7 En toe hy dit sê, het daar twis ontstaan tussen die Fariseërs en die Sadduseërs, en die menigte het verdeeld geraak. 8 Want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie, ook geen engel of gees nie; maar die Fariseërs bely albei. 9 Toe was daar 'n groot geroep, en die skrifgeleerdes van die party van die Fariseërs het opgestaan en heftig gestry en gesê: Ons vind geen kwaad in hierdie man nie; en as 'n gees met hom gespreek het, of 'n engel, laat ons nie teen God stry nie.

10 En toe daar 'n groot twis ontstaan het en die owerste oor duisend gevrees het dat Paulus deur hulle verskeur sou word, het hy die soldate bevel gegee om te gaan en hom met geweld weg te neem onder hulle uit en in die kamp te bring.

11 En die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê: Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig.

12 En toe dit dag geword het, het sommige van die Jode saamgespan en hulleself vervloek deur te sê dat hulle nie sou eet of drink totdat hulle Paulus doodgemaak het nie. 13 En daar was meer as veertig wat hierdie sameswering gemaak het. 14 Hulle het na die owerpriesters en die ouderlinge gegaan en gesê: Ons het ons met vervloeking verwens om niks te gebruik totdat ons Paulus doodgemaak het nie. 15 Laat dan nou, saam met die Raad, aan die owerste oor duisend weet om hom môre

af te bring na u toe, asof u oor sy saak noukeuriger ondersoek wil doen. En ons is gereed om hom uit die weg te ruim voordat hy by u kom.

16 Maar die seun van Paulus se suster het van die hinderlaag gehoor, en hy het gekom en in die kamp gegaan en dit aan Paulus vertel. 17 En Paulus het een van die hoofmanne oor honderd na hom geroep en gesê: Bring hierdie jongman by die owerste oor duisend, want hy het iets om aan hom te vertel.

18 Daarop neem hy hom saam en bring hom by die owerste oor duisend en sê: Die gevangene, Paulus, het my na hom geroep en versoek om hierdie jongman na u te bring, omdat hy iets het om aan u te sê.

19 Daarop vat die owerste oor duisend hom by die hand en gaan eenkant toe en vra: Wat het jy om aan my te vertel?

20 En hy sê: Die Jode het ooreengekom om u te versoek om Paulus môre af te bring na die Raad asof hulle iets noukeurigers omtrent hom wil verneem. 21 Laat u dan nie deur hulle oorhaal nie, want meer as veertig man van hulle lê hom voor wat hulleself vervloek het om nie te eet of te drink totdat hulle hom omgebring het nie. En nou is hulle gereed en wag op u toestemming.

22 En die owerste oor duisend het die jongman laat gaan en hom bevel gegee: Vertel aan niemand dat jy dit aan my bekend gemaak het nie.

23 En hy het twee van die hoofmanne oor honderd na hom geroep en gesê: Hou twee honderd soldate gereed om na Cesaréa te gaan, en sewentig ruiters en twee honderd lig gewapende manne, teen die derde uur van die nag. 24 En sorg vir pakkere, dat hulle Paulus daarop kan sit en veilig na Felix, die goewerneur, oorbring.

25 En hy het 'n brief geskrywe met ongeveer hierdie inhoud:

26 Claudius Lísias aan die hoogedele goewerneur Felix: Groete!

27 Toe hierdie man wat deur die Jode gevang is, op die punt gestaan het om deur hulle omgebring te word, het ek met die soldate bygekom en hom gered, omdat ek verneem het dat hy 'n Romein is. 28 Maar omdat ek te wete wou kom wat die oorsaak was waarom hulle hom beskuldig, het ek hom na hulle Raad afgebring 29 en uitgevind dat hy beskuldig word oor twisvrae van hulle wet, maar dat hy nie aangeklaag word van iets wat die dood of boeie verdien nie. 30 En omdat aan my meegedeel is dat daar deur die Jode 'n komplot teen die man sou gesmee word, het ek hom meteens na u gestuur en ook sy beskuldigders gelas om wat hulle teen hom het, voor u te sê. Vaarwel!

31 En die soldate het Paulus geneem soos hulle beveel is, en hom in die nag na Antípatris gebring. 32 En die volgende dag het hulle die ruiters met hom verder laat gaan en self na die kamp teruggekeer. 33 En dié het in Cesaréa gekom en die brief aan die goewerneur afgegee en ook Paulus voor hom gestel. 34 En die goewerneur het die brief gelees en gevra uit watter provinsie hy was; en toe hy verneem dat hy uit Cilícië was, 35 sê hy: Ek sal jou in verhoor neem wanneer jou beskuldigers ook aangekom het. Toe gee hy bevel dat hy in die paleis van Herodes bewaak moes word.

1. Handeling 23:1-11 – Paulus voor die Joodse Raad

1 En Paulus het die oë op die Raad gehou en gesê: Broeders, ek het met 'n volkome goeie gewete voor God gewandel tot op hierdie dag.

2 Maar die hoëpriester Ananías het bevel gegee aan die wat by hom staan, om hom op die mond te slaan. 3 Toe sê Paulus vir hom: God sal u slaan, gewitte muur! U sit tog om my volgens die wet te oordeel, en beveel u in stryd met die wet dat ek geslaan moet word? 4 En die wat daarby staan, sê: Skel jy die hoëpriester van God uit?

5 Daarop sê Paulus: Ek het nie geweet, broeders, dat hy hoëpriester is nie, want daar staan geskrywe: Van 'n owerste van jou volk mag jy nie kwaad spreek nie.

6 En omdat Paulus geweet het dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg.

7 En toe hy dit sê, het daar twis ontstaan tussen die Fariseërs en die Sadduseërs, en die menigte het verdeeld geraak. 8 Want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie, ook geen engel of gees nie; maar die Fariseërs bely albei. 9 Toe was daar 'n groot geroep, en die skrifgeleerdes van die party van die Fariseërs het opgestaan en heftig gestry en gesê: Ons vind geen kwaad in hierdie man nie; en as 'n gees met hom gespreek het, of 'n engel, laat ons nie teen God stry nie.

10 En toe daar 'n groot twis ontstaan het en die owerste oor duisend gevrees het dat Paulus deur hulle verskeur sou word, het hy die soldate bevel gegee

om te gaan en hom met geweld weg te neem onder hulle uit en in die kamp te bring.

11 En die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê: Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig.

1.1 Vrae by Handeling 23:1-11

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Waarom het Paulus sy verdediging voor die Joodse Raad met hierdie woorde begin? (vers 1)2. Waarom het Ananias Paulus op die mond laat slaan? (vers 2) |
|---|

Die aanklag op grond waarvan Paulus nog deur die Jode gegryp en uit die tempel uitgesleep is en wat daartoe gelei het dat hulle hom begin toetake het, staan in Handeling 21:28 geskryf. Paulus is daarvan beskuldig dat hy die mense dinge leer wat teen die volk en die wet en die tempel is. Sy verdediging die vorige dag voor die woedende Joodse skare is deur hulle oproerigheid kortgeknip. Nou het Paulus geleentheid om homself voor die Joodse Raad – invloedryke manne in die Joodse samelewing – te verdedig. Dit is 'n gulde geleentheid om Jesus Christus aan hulle te verkondig.

Met die aanklag teen hom in gedagte spreek hy die Raad aan as *broeders*. **Hy vereenselwig hom steeds met die Joodse volk.** Daarom, is die bewering dat hy dinge teen die volk sê vals. Wanneer hy sê dat hy met 'n volkome goeie gewete voor God gelewe het tot op hierdie dag, getuig hy dat hy in alle eerlikheid niks in sy optrede of woorde merk wat hom in 'n staat van beskuldiging plaas nie. **Paulus het werklik wanneer dit kom by die verkondiging wat hy gedoen het onberispelik opgetree.**

Daarmee het Paulus nie gesê dat hy sondeloos is nie. Maar wat hierdie aanklagte teen hom betref kan hy in alle eerlikheid voor die Here getuig dat dit nie die waarheid is nie. Sy verkondiging van Jesus Christus as die enigste Verlosser is heeltemal in lyn met die Skrifte wat die Joodse Raad ook baie goed ken.

Ananias het hom vererg oor Paulus se bewering dat hy 'n goeie gewete het.

Ananias het seker afgelei dat Paulus wat oor sulke ernstige aanklagte tereg staan nie kan beweer dat hy 'n goeie gewete het nie en verder dat Paulus waarskynlik daarmee beweer dat die Joodse Raad of sommige van hulle dan nie 'n goeie gewete voor God het nie.

Dit is ook moontlik dat Ananias beveel het om vir Paulus te slaan **omdat hy geweet het dat Paulus 'n Fariseër is** terwyl hy wat Ananias is aan die party van die Sadduseërs behoort. Hy het dus bevooroordeel na Paulus geluister. Dit is ook so dat Ananias bloot net volgens sy geaardheid opgetree het.

Die Joodse geskiedskrywer – Josefus – vertel dat Ananias 'n ongure karakter was. Ananias het in 47 nC hoëpriester geword. Gedurende die tyd van die Romeine se beheer van Palestina was die amp van hoëpriester meer polities as iets anders. Josefus vertel dat Ananias van die tiendes wat die volk na die tempel gebring het vir homself gevat het en hy het groot somme omkoopgeld aan Romeine en Jode gegee. As Sadduseër was Ananias ook baie ryk. Hy het maklik van geweld gebruik gemaak – selfs van sluipmoord – om sy eie doelwitte te bereik. Hy was pro Rome en in 66 nC het van die nasionalistiese Jode hom doodgemaak in hulle opstand teen Rome.

- | |
|---|
| <p>3. Wat het Paulus bedoel toe hy die hoëpriester <i>gewitte muur</i> genoem het? (vers 3)</p> <p>4. Hoe hou sy vraag verband met die woorde <i>gewitte muur</i>? (vers 3)</p> |
|---|

Paulus het 'n ernstige vermaning tot die hoëpriester uitgespreek en sonder dat hy geweet het ook 'n profesie oor Ananias se lewe. Deurdat die hoëpriester beveel het om vir Paulus op die mond te slaan, het hy in werklikheid sy ware karakter in die hele Joodse Raad vertoon. **Ananias het as hoëpriester voorgegee om 'n goeie gewete voor God te hê** deurdat hy onberispelik volgens die wet optree. Met sy ontydige bevel om Paulus te slaan, het hy juis getoon dat hy nie onberispelik die wet handhaaf nie.

Kragtens die wet mag iemand nie eers in die gesig geslaan word as straf alvorens hy nie skuldig bevind is nie (Deut 25:1-2). Nou het die voorsitter van die Joodse Raad –

die hoëpriester Ananias – bevel gegee om Paulus op die mond te slaan nog voordat hy verhoor is. **Met die vraag wat Paulus dan vra, toon hy aan waarom hy die hoëpriester 'n gewitte muur genoem het.** Die hoëpriester saam met die Joodse Raad is veronderstel om Paulus ooreenkomstig die wet te verhoor en sy optrede te beoordeel. Maar deurdat die hoëpriester nog voor die begin van die verhoor teenstrydig met die wet handel, het hy getoon dat hy nie onberispelik volgens die wet lewe nie. Hierdie verontregting en verkragting van die wet het sekerlik vir Paulus aangedui dat hy nie 'n regverdige verhoor voor Ananias en die Joodse Raad te wagte kan wees nie.

5. Was die vermaning van Paulus regverdig? (vers 4)
6. Hoekom sou Paulus nie geweet het dit is die hoëpriester wat die bevel gegee het nie? (vers 5)

Daar staan nie geskryf dat dit ooit aangekondig is dat Ananias die hoëpriester is nie. Dit is Lukas wat in die verhalings van die gebeure opmerk dat Ananias die hoëpriester is. En aangesien dit in Jerusalem alom bekend is dat Ananias die hoëpriester is, was dit nie nodig om dit aan te kondig nie. Almal in die vergadering het geweet dat Ananias die hoëpriester is.

Paulus se aanhaling uit die wet dat 'n mens van 'n owerste van die volk nie mag kwaad spreek nie (Eks 22:28) **lei ons om te verstaan dat die vermaning van Paulus regverdig was.** Hy het skerp gereageer teen Ananias en sy woorde kan as kwaad spreek teen die hoëpriester opgeneem word. Paulus erken met sy aanhaling, so blyk dit, sy eie skuld.

Wanneer Paulus sê dat hy nie geweet het dat Ananias die hoëpriester is nie, is dit regverdig om dit as 'n eerlike opmerking te aanvaar. Paulus was in die afgelope twintig jaar nie in Jerusalem nie. Hy beweeg al vir jare nie meer in die hoë geestelike kringe van die Jode in Jerusalem nie. Sy aandag was voluit bepaal by die opdrag wat hy van Jesus Christus ontvang het. Daarom het dit aan hom geen rede gegee om treg te hou van wie hoëpriester is nie.

Daar word deur verskeie kommentare nog baie redes aangevoer waarom Paulus nie sou geweet het dat Ananias die hoëpriester is nie. Maar die genoemde rede kan geldig uit die Skrif afgelei word, sonder om te raai. Daar is selfs kommentare wat opmerk dat hierdie woorde van Paulus sarkasties bedoel is en dat hy daarmee gesê het: Indien Ananias dan regtig die hoëpriester is sou hy mos nie so 'n onregverdige bevel gegee het nie. Na my oordeel is dit te ver gevat. Paulus het sarkastiese uitsprake ook gemaak (vgl. Gal 5:12), maar hierdie verhoor is nie geleentheid om dit te doen nie.

7. Hoe het Paulus die aanslag van sy verdediging in die Joodse Raad verander? (vers 6)
8. Hoekom het Paulus sy aanslag so verander? (vers 6)

Aanvanklik het Paulus sy verdediging voor die Joodse Raad begin met die bedoeling om homself te verdedig oor die klag teen hom. Hy het begin om aan te dui dat hy nog altyd wandel volgens die Here se wil. Daarom is die verkondiging wat hy doen ook volgens die wil van die Here en in ooreenstemming met die Skrif.

Na die onderonsie met die hoëpriester en sy lakeie het Paulus sy verdediging weer begin. **Hierdie keer doen hy dit op 'n meer uitdagende manier.** Hy stel homself as 'n Fariseër aan die Joodse Raad bekend, want dit is wat hy was voor sy bekering. Maar daar is een deel van die Fariseërs se leer wat net so belangrik is in die evangelie en dit is die opstanding van die dooies. Daarom laat vaar Paulus om homself te verdedig teen die aanklagte wat aanvanklik deur die Jode teen hom gelê is – naamlik dat hy teen die volk, die wet en die tempel gespreek het. Hy formuleer nie noodwendig 'n nuwe klag nie, maar sê vir die Joodse Raad waarop die aantuigings teen hom werklik op aankom.

Jesus Christus se opstanding uit die dood en die feit dat Hy die Messias is, het 'n totale omwenteling gebring in 'n mens se verhouding tot die Here. Daar is net een manier om verlos te word en dit is deur Christus. Sy opstanding uit die dood bevestig dit en dit is waarop alles dan ook neerkom.

Paulus het in die eerste oomblikke van sy verhoor deur die Joodse Raad opgemerk

dat hulle nie belangstel in die evangelie nie. Vir die hoëpriester gaan dit uitsluitlik oor die handhawing van sy eie posisie en invloed en nie oor die reg nie. **Dit feit dat Ananias Paulus volgens die wet wil verhoor maar sommer van die begin af teen die wet handel het dit ook vir Paulus duidelik gemaak dat sy verhoor nie regverdig sal wees nie.**

Daarom het Paulus die saak van die opstanding uit die dood as die eintlike klag teen hom op die tafel van die vergadering geplaas. Hy het presies geweet hoedanig die gesindheid van die twee partye in die Raad is oor die opstanding. Hy het ook geweet die kans is groot dat hy die aanslag teen hom kan verdeel met sy stelling. 'n Verdeling in die aanslag is beter as 'n vereniging van die twee partye teen hom.

9. Wat het Paulus se uitspraak oor die opstanding uit die dood tot gevolg gehad in die Joodse raad? (vers 7 en 8)
10. Wat was die Fariseërs se uitspraak aangaande die klag teen Paulus? (vers 9)

Die gevolg van Paulus se stelling oor die opstanding het die gewenste effek gehad. **Onmiddellik het daar 'n twis tussen die Fariseërs en die Sadduseërs ontstaan.** Deur die getwis het die hele Raad verdeeld geraak. Die Sadduseërs was van oordeel dat daar nie so iets soos 'n opstanding uit die dood is nie. Hulle het ook nie in die bestaan van engele en geeste geglo nie. Die Fariseërs aan die ander kant was vas oortuig van die opstanding uit die dood asook in die bestaan van engele en geeste.

Paulus se selfbekendstelling as 'n Fariseër sowel as sy oortuiging oor die opstanding uit die dood het verseker dat hy ten minste die Fariseërs op hierdie teologiese punt aan sy kant gekry het. Die Fariseërs het nou in werklikheid namens Paulus teen die Sadduseërs geredeneer. **In 'n stadium het die skrifgeleerdes van die Fariseërs hulle stem in die warboel verhef en Paulus onskuldig verklaar.** Die Fariseërs het in helder en duidelike taal gesê dat hulle geen kwaadwilligheid by Paulus opmerk nie.

Saam met hierdie uitspraak het hulle ook 'n waarskuwing tot die res van die Joodse

Raad gerig. Niemand in die Joodse Raad kan sê dat 'n gees of 'n engel nie met Paulus gepraat het nie. Daarom moet die Joodse Raad versigtigheid aan die dag lê dat hulle nie teen God stry nie. Hierdie waarskuwing is soortgelyk aan die waarskuwing wat Gamaliël meer as twintig jaar gelede ook tot die Joodse Raad uitgespreek het by die verhoor van die apostels (Hand 5:38-39).

11. Tot watter slotsom het die owerste oor duisend gekom na hierdie gebeure in die Joodse Raad? (vers 10)

12. Waarom het die Here met Paulus in die nag gespreek? (vers 11)

Dit is nou al die tweede keer wat die owerste oor duisend probeer agterkom waarom die Jode so teen Paulus gekant is. Die eerste geleentheid wat die owerste oor duisend die gesprek tussen Paulus en die Jode waargeneem het, het dit in chaos ontaard oor een woord wat Paulus gebruik het – *heidene*. Nou het hy Paulus voor die Joodse Raad gebring en weer het die gesprek in chaos ontaard oor een woord – *opstanding*. Die owerste oor duisend kon dus nog nie te wete kom waarom die Jode so teen Paulus gekant is nie.

Die enigste slotsom waartoe hy kom, is dat die haat van die Jode teen Paulus so erg is dat hulle hom sal verskeur as hulle hom in die hande kry. Daarom het die soldate opdrag gegee om Paulus so gou as moontlik buite die bereik van die Jode te kry. As offisier is die owerste oor duisend verantwoordelik vir die veiligheid van Paulus as Romeinse burger. Die enigste veilige plek vir Paulus is die kamp van die Romeine.

By Paulus was dit 'n hartsbegeertes dat ook sy volksgenote tot geloof in Jesus Christus sal kom. Aan die Romeine het hy geskryf hoe hy tranes stort in droefheid oor die verhardheid van die Jode (Rom 9:1-2). Paulus het nou twee geleenthede gehad waar hy van Jesus Christus kon getuig. Die eerste geleentheid het in chaos uitgeloop omdat hy vir hulle gesê het dat die Here Jesus hom as apostel na die heidene gestuur het. Die tweede geleentheid by die Joodse Raad het in net soveel chaos geëindig omdat hy gewaag het om die opstanding uit die dood te noem.

Vir Paulus sou dit sekerlik gevoel het asof hy die Here gefaal het in albei geleenthede. Paulus sou ontmoedig gevoel het en by homself gedink het dat hy nou 'n gemors gemaak het van die werk wat hy in diens van die Here moet doen. **In die volgende nag het Jesus self by Paulus kom staan en hom bemoedig.** Jesus het geweet watter emosies in Paulus aan die woel is. Daarom het Hy aan Paulus moed kom gee.

Paulus was onder die indruk dat hy 'n mislukking van die geleenthede gemaak het. Jesus verseker hom egter dat hy kragtig van die Here getuig het in Jerusalem. En boonop hoor Paulus dat sy werk in diens van die Here nog nie afgehandel is nie. Soos wat Paulus in Jerusalem kragtig vir die Here getuig het, so moet hy ook nog in Rome kragtig van die Here getuig.

2. Handeling 23:12-22 – Die Jode se komplot om Paulus dood te maak

12 En toe dit dag geword het, het sommige van die Jode saamgespan en hulleself vervloek deur te sê dat hulle nie sou eet of drink totdat hulle Paulus doodgemaak het nie. **13** En daar was meer as veertig wat hierdie sameswering gemaak het. **14** Hulle het na die owerpriesters en die ouderlinge gegaan en gesê: Ons het ons met vervloeking verwens om niks te gebruik totdat ons Paulus doodgemaak het nie. **15** Laat dan nou, saam met die Raad, aan die owerste oor duisend weet om hom môre af te bring na u toe, asof u oor sy saak noukeuriger ondersoek wil doen. En ons is gereed om hom uit die weg te ruim voordat hy by u kom.

16 Maar die seun van Paulus se suster het van die hinderlaag gehoor, en hy het gekom en in die kamp gegaan en dit aan Paulus vertel. **17** En Paulus het een van die hoofmanne oor honderd na hom geroep en gesê: Bring hierdie jongman by die owerste oor duisend, want hy het iets om aan hom te vertel.

18 Daarop neem hy hom saam en bring hom by die owerste oor duisend en sê: Die gevangene, Paulus, het my na hom geroep en versoek om hierdie jongman na u te bring, omdat hy iets het om aan u te sê.

19 Daarop vat die owerste oor duisend hom by die hand en gaan eenkant toe en vra: Wat het jy om aan my te vertel?

20 En hy sê: Die Jode het ooreengekom om u te versoek om Paulus môre af te bring na die Raad asof hulle iets noukeurigers omtrent hom wil verneem. **21** Laat u dan nie deur hulle oorhaal nie, want meer as veertig man van hulle lê

hom voor wat hulleself vervloek het om nie te eet of te drink totdat hulle hom omgebring het nie. En nou is hulle gereed en wag op u toestemming.

22 En die owerste oor duisend het die jongman laat gaan en hom bevel gegee: Vertel aan niemand dat jy dit aan my bekend gemaak het nie.

2.1 Vrae by Handeling 23:12-22

1. Tot watter mate was die Jode vasberade om Paulus om die lewe te bring? (vers 12-14)
2. Tot watter mate was die Joodse Raad bereid om vir Paulus dood te maak? (vers 14-15)

Lukas verhaal in detail 'n komplot wat die sommige Jode saam met die Joodse Raad gesmee het om vir Paulus om die lewe te bring. Na die vorige keer wat Paulus voor die Joodse Raad verskyn het, het sommige Jode opgemerk dat die owerste oor duisend Paulus van die Jode beskerm. Daarom moet daar 'n plan gemaak word om Paulus buitekant die kamp van die Romeine te kry anders sal hulle nie hulle hande op Paulus kan lê nie.

Sommige Jode het hulleself toe met 'n eed daartoe verbind om van Paulus ontslae te raak. Een kommentaar merk op dat daar in die dae van Jesus en Paulus 'n geheime groep Jode was wat as sluipmoordenaars opgetree het teen die Romeinse soldate en enige ondersteuners van die Romeine. Na sy oordeel is dit nou hierdie sluipmoordenaars wat hulle visier op Paulus ingestel het. Hierdie **Jode was so vasberade om van Paulus ontslae te raak dat hulle hulleself voorgeneem het om nie te eet of te drink voordat hulle vir Paulus doodgemaak het nie**. Hierdie optrede van die Jode herinner nogal aan Saul se dwase optrede die keer toe hulle die Filistyne agtervolg het en nie toegelaat het dat iemand iets eet voordat hulle die Filistyne verwoes het nie (1 Sam 14:24).

Die plan van hierdie samesweerders het die Joodse Raad daarby betrek. Hulle het aan die owerpriesters en ouderlinge vertel van die eed wat hulle gesweer om Paulus dood te maak. Hulle het hierdie owerpriesters en ouderlinge toe gevra om die Raad te vra dat Paulus weer na die Joodse Raad gebring moet word. Die rede waarom

die Raad Paulus weer wil sien was om kwansuis sy saak noukeuriger te ondersoek. Hierdie versoek aan die owerste oor duisend sou dan aan die samesweerders die geleentheid gee om Paulus op weg tussen die toring van Antonia en die vergaderplek van die Joodse Raad beet te pak en dood te maak.

Deurdad die owerpriesters en ouderlinge hulleself by die komplot van die samesweerders betrek, sien 'n mens dat **die manne wat veronderstel is om die volk in die wet van die Here te onderrig selfs bereid is om die wet van die Here te oortree net om hulle eie sin te kry**. Hulle is bereid om te lieg en moord te pleeg met die gedagte dat hulle iets goeds vir God doen (Joh 16:2).

3. Hoe het Paulus van hierdie komplot te wete gekom? (vers 16)
4. Hoe bring Paulus hierdie nuus tot die ore van die owerste oor duisend? (vers 17)
5. Op watter wyse het die Romeine hierdie gerug om Paulus dood te maak hanteer? (vers 18-22)

Lukas vertel nie hoe of hoekom Paulus se suster se seun van die komplot te hore gekom het nie, maar net dat hy dit gehoor het. Hierdie is die enigste verwysing na Paulus se naaste familie. Die Heilige Gees het in die jong man se hart gewerk dat hy homself nie by die samesweerders nie maar by Paulus geskaar het. **Toe hy dan van die komplot te hore kom, het hy dadelik na die kamp gegaan en dit aan Paulus vertel.**

Paulus het as gevangene van die Romeine die voorreg gehad om besoekers te ontvang. Paulus word wel deur die hoofman oor honderd ook 'n gevangene genoem, maar hy is nie van alle regte ontnem nie. Paulus se Romeinse burgerskap tel in sy guns en hy maak voluit gebruik van hierdie regte wat hy as Romeinse burger het. **Daarom het Paulus die hoofman oor honderd versoek om die jong man na die owerste oor duisend te neem om die gerug van die komplot aan hom bekend te maak.**

Die Here Jesus het aan Paulus die versekering gegee dat hy ook nog in Rome van Jesus kragtig sal getuig. Dit beteken dat die Here vir Paulus sal beskerm sodat dit

kan gebeur. Maar die Here se versekering beteken nie dat Paulus niks hoef te doen nie. Die Here beskerm hom juis deurdat Hy beskik het dat Paulus 'n Romeinse burger is en deurdat Paulus die jong man stuur om aan die owerste oor duisend van die komplot te vertel. Dit is ook opmerklik dat Paulus niks van die komplot aan die hoofman oor honderd meld nie. Paulus maak seker dat so min as moontlik mense weet dat die nuus van die komplot by hom uitgekom het.

Die Romeine het hoë waardering gehad vir iemand wat 'n Romeinse burger is. Vir die hoofman oor honderd en vir die owerste oor duisend was Paulus nie maar net nog 'n gevangene nie. **Hulle hanteer Paulus en uiteindelik die nuus oor die komplot met groot erns.**

Die hoofman oor honderd het die jong man na die owerste oor duisend geneem soos Paulus versoek het. Sonder dat die Romeine geweet het watter band daar tussen Paulus en die jong man is, het hulle tog die jong man se teenwoordigheid en sy woorde ter harte geneem alhoewel die jong man op die oog af maar net na nog 'n Jood gelyk het.

Die owerste oor duisend het ook die jong man met erns aangehoor aangesien Paulus versoek het dat hy aan die owerste oor duisend die berig moet bring. Die erns waarmee die owerste oor duisend die versoek hanteer, sien 'n mens daarin dat hy die jong man een kant neem waar hy alleen kan hoor wat die jong man hom wil vertel. En nadat die jong man die komplot aan die owerste oor duisend vertel het, het die owerste oor duisend hom ook nog beveel om met niemand anders oor die komplot te praat nie en ook nie dat hy dit aan die owerste oor duisend bekend gemaak het nie.

3. Handeling 23:23-35 – Paulus word na die goewerneur Felix gestuur

23 En hy het twee van die hoofmanne oor honderd na hom geroep en gesê: Hou twee honderd soldate gereed om na Cesaréa te gaan, en sewentig ruiters en twee honderd lig gewapende manne, teen die derde uur van die nag. 24 En sorg vir pakkdiere, dat hulle Paulus daarop kan sit en veilig na Felix, die goewerneur, oorbring.

25 En hy het 'n brief geskrywe met ongeveer hierdie inhoud:

26 Claudius Lísias aan die hoogedele goewerneur Felix: Groete!

27 Toe hierdie man wat deur die Jode gevang is, op die punt gestaan het om deur hulle omgebring te word, het ek met die soldate bygekom en hom gered, omdat ek verneem het dat hy 'n Romein is. 28 Maar omdat ek te wete wou kom wat die oorsaak was waarom hulle hom beskuldig, het ek hom na hulle Raad afgebring 29 en uitgevind dat hy beskuldig word oor twisvrae van hulle wet, maar dat hy nie aangeklaag word van iets wat die dood of boeie verdien nie. 30 En omdat aan my meegedeel is dat daar deur die Jode 'n komplot teen die man sou gesmee word, het ek hom meteens na u gestuur en ook sy beskuldigers gelas om wat hulle teen hom het, voor u te sê. Vaarwel!

31 En die soldate het Paulus geneem soos hulle beveel is, en hom in die nag na Antípatris gebring. 32 En die volgende dag het hulle die ruiters met hom verder laat gaan en self na die kamp teruggekeer. 33 En dié het in Cesaréa gekom en die brief aan die goewerneur afgegee en ook Paulus voor hom gestel. 34 En die goewerneur het die brief geles en gevra uit watter provinsie hy was; en toe hy verneem dat hy uit Cilícië was, 35 sê hy: Ek sal jou in verhoor neem wanneer jou beskuldigers ook aangekom het. Toe gee hy bevel dat hy in die paleis van Herodes bewaak moes word.

3.1 Vrae by Handeling 23:23-35

1. Watter voorsorg het die owerste oor duisend alles getref vir die veiligheid van Paulus? (vers 23-24)

Nadat die owerste oor duisend gehoor van die komplot deur die Jode teen Paulus het hy dadelik reëlins begin tref om Paulus so gou as moontlik uit Jerusalem uit weg te kry. Solank as wat Paulus in Jerusalem is, is die kans vir oproer deur die Jode groot en dit kan tot die dood van Paulus lei. Die owerste oor duisend wil nie die bloed van 'n Romeinse burger op sy gewete hê nie.

Die owerste oor duisend het twee hoofmanne oor honderd beveel om twee honderd soldate gereed te hou om na Cesarea die provinsiale hoofstad te vertrek. Saam met hierdie twee honderd soldate moet daar ook sewentig ruiters wees sowel as twee honderd liggewapende manne. **In totaal was daar vier honderd sewentig mense wat Paulus se veiligheid verseker het.**

Die owerste oor duisend wou geen tyd verspeel nie. Hy het die twee hoofmanne oor honderd beveel om teen die derde uur van die nag – dit wil sê, teen nege uur die aand – te vertrek. **Dus onder die dekking van die donkerte is Paulus weggeneem uit Jerusalem.** Dit het al twee keer tevore met Paulus gebeur dat hy in die nag uit 'n plek moes gaan – uit Damaskus uit en uit Berea uit (Hand 9:25; 17:10). **Boonop het die owerste oor duisend ook opdrag gegee dat Paulus op 'n rydier weggeneem moet word uit Jerusalem.** Daar moet hoegenaamd geen kans wees dat die Jode Paulus op een of ander manier in die hande kon kry nie.

Die Here het immers belowe dat Paulus ook in Rome kragtig van Hom sal getuig soos wat hy dit in Jerusalem gedoen het. Paulus kry in hierdie oordadige veiligheids-maatreëls van die owerste oor duisend die versekering van die Here dat hy wel in Rome sal kom om te getuig.

2. Waarom het die owerste oor duisend 'n brief aangaande Paulus aan die goewerneur geskryf? (vers 25)
3. Wat maak die owerste oor duisend in die brief aan die goewerneur bekend? (vers 26-30)

Die owerste oor duisend moes aan die goewerneur verduidelik waarom hy vir Paulus na hom toe stuur. Daarom het hy 'n brief aan die goewerneur geskryf waarin hy die saak aangaande Paulus kortliks skets en ook duidelik die rede aantoon waarom hy hom juis na die goewerneur toe stuur.

Dit is die eerste maal wat Lukas die owerste oor duisend se naam bekend maak. Uit sy naam en dit wat hy aangaande homself gesê het, word daar afgelei dat hy van geboorte 'n Griek is met die naam Liasias. Toe hy sy burgerskap vir 'n groot som geld bekom het, het hy die Romeinse keiser Claudius se naam ook vir hom aangeneem. Felix was die goewerneur vir die provinsie Sirië waaronder Judea ook ingedeel is.

Claudius Liasias skryf die brief sodat hy in die bes moontlike lig is. Alhoewel hy eers te wete gekom het dat Paulus 'n Romeinse burger is nadat hy hom gevange geneem

en byna geslaan het, stel hy dit in die brief dat **hy hom van die Jode wat hom gevang het gered het omdat hy verneem het dat Paulus 'n Romeinse burger is.** Verder noem hy dat **hy Paulus voor die Joodse Raad gebring het** om te verneem waarom die Jode hom beskuldig het. Uit daardie samesprekings het dit egter vir Claudius Liasias duidelik geword dat **dit 'n godsdienstige geskil tussen Paulus en die Jode is.**

Wat egter belangrik is vir Lukas is dit wat Claudius Liasias volgende sê. **Na sy oordeel is Paulus nie skuldig aan enigiets wat die dood of selfs boeie verdien nie.** Claudius Liasias is reeds die tweede Romeinse amptenaar wat Paulus onskuldig bevind. Gallio die goewerneur van Achaje het Paulus ook tevore onskuldig aan 'n misdadig bevind (Hand 18:14-15). Hierdie bevinding dat Paulus onskuldig is, is nie net in die guns van Paulus self nie, maar in werklikheid ook in die guns van die Christene. Daar is dus geen rede vir die Romeinse owerheid om teen die Christene op te tree nie.

Aangesien die beskuldiging van die Jode teen Paulus 'n godsdienstige geskil is, het dit in werklikheid niks met die Romeinse owerheid te make nie. Tot hier is daar dus nog geen rede genoem waarom Paulus juis na die goewerneur gestuur is nie.

Dit is eers aan die einde van die brief dat Claudius Liasias die rede noem waarom hy vir Paulus na Felix toe stuur. **Daar is aan Claudius Liasias meegedeel dat die Jode 'n komplot smee om vir Paulus om die lewe te bring.** Omdat Paulus 'n Romeinse burger is, het die owerheid die taak om sy burger teen nie-burgers te beskerm. Daarom word Paulus na die goewerneur gestuur en is die beskuldigings van Paulus ook aangesê om hulle saak teen Paulus voor die goewerneur te stel. Claudius maak ook nie bekend wie aan hom vertel het dat die Jode 'n komplot teen Paulus smee nie. Hy tree dus eerbaar op en beskerm Paulus se nefie teen die weerwraak van die Jode.

- | |
|---|
| <p>4. Waarom het die vier honderd soldate net tot by Antipatris vir Paulus vergesel? (vers 31-33)</p> <p>5. Hoedanig was Paulus se ontvangs deur goewerneur Felix? (vers 34-35)</p> |
|---|

Die vier honderd soldate en sewentig ruiters het nog in die nag vir Paulus uit Jerusalem uit vergesel. Die owerste oor duisend was vasberade om Paulus uit die hande van die Jode te hou. Die hele geselsskap van vier honderd en sewentig man het Paulus tot by Antipatris geneem.

Antipatris was sowat 60 km noordwes van Jerusalem geleë oppad na Cesarea toe. Die pad tussen Jerusalem en Antipatris het deur 'n bergagtige gebied gegaan en die gebied is hoofsaaklik deur Jode bewoon. Die vier honderd soldate het by Antipatris omgedraai en teruggegaan Jerusalem toe waar hulle gestasioneer was. Dit was eers die volgende wat hulle in Antipatris aangekom het. Van Antipatris af tot in Cesarea was omtrent 45 km en hierdie pad het oor 'n platter terrein gegaan waar daar ook baie minder Jode en hoofsaaklik mense van heidense afkoms gewoon het. Hierdie laaste deel van die reis het die ruiters saam met Paulus gedurende die dag voltooi.

Die gedeelte van die pad tussen Jerusalem en Antipatris was die gevaarlikste deel van die reis. **Omdat dit 'n bergagtige streek is wat dig bevolk is deur Jode, was die Romeine daarop bedag dat die Jode 'n hinderlaag kon opstel om vir Paulus in die hande te kry.** Daarom het die vier honderd soldate saam met die sewentig ruiters Paulus op hierdie deel van die reis vergesel.

Die sewentig ruiters het Paulus in Cesarea aangebring en hom aan die goewerneur voorgestel. Uit buite Bybelse bronne is daar heelwat oor Felix bekend. Antonius Felix was goewerneur van Sirië wat Judea ingesluit vanaf 52 tot 59 nC. Pontius Pilatus het hierdie posisie bekleed vanaf 26 tot 36 nC.

Felix was 'n vrygestelde slaaf van keiser Claudius se ma Antonia. Hy is die eerste slaaf wat ooit 'n goewerneur van 'n Romeinse provinsie geword het. Sy invloedryke broer sowel as sy eie politieke vernuftigheid tesame met sy drie berekende huwelike het hom vinnig opgang laat maak in die politiek. Verder was hy bekend daarvoor dat hy 'n harde regeerder was en veral wreed opgetree het teenoor die Jode veral die Jode wat daarop uit was om Romeinse soldate in sluipmoorde te vermoor. Die Romeinse geskiedskrywer Tacitus het oor Felix gesê dat hy met elke soort

wreedheid en lis opgetree deur die gesag van 'n koning uit te oefen met die ingesteldheid van 'n slaaf.

Felix het die brief ge lees wat deur die owerste oor duisend aan hom geskryf is. Daarna het Felix gevra uit watter provinsie Paulus afkomstig is. Felix het dit gevra om seker te maak dat hy wel as goewerneur vir Paulus mag verhoor. Toe hy verneem het dat Paulus uit Cilicië is, het hy geweet dat Paulus dan wel onder sy gesag as goewerneur val.

Ter wille van 'n regverdige verhoor het Felix gesê dat hy Paulus sal verhoor sodra sy beskuldigers daar opgedaag het. Intussen is Paulus in die paleis van Herodes bewaak. Herodes die Grote het hierdie paleis nog in Cesarea gebou. In die paleis was daar aanhoudingselle waar Paulus bewaak is. **Ons kan aanvaar dat Paulus tot 'n mate goed behandel sou word terwyl hy aangehou is, aangesien hy 'n Romeinse burger is wat nog nie formeel aangekla is nie.**